

# GREPIES UIT DIE GESKIEDENIS VAN WOODSTOCK

Dr.J.J. Marais

Teen die einde van die 18de eeu het daar op die plase Roodebloem, Altona, Zonnebloem en Leliebloem teen die onderste hange van die Windberg dorpies met dieselfde name ontstaan. Hierdie vier landgoedere het bekend geraak as Papendorp nadat Pieter van Papendorp in 1788 'n stuk grond tussen die kasteel en die Soutriviervir 4 000 florvne gekoop het.

## MILITÈRE BOLWERKE

Groot-Brittannie, Frankryk en die Nederlande was in oorlog gewikkeld en die Kaapse owerhede is aangesê om die garnisoen te vergroot en meer vestingwerke tussen die kasteel en die Soutriviervir te rig. 'n Reeks bolwerke is dus opgerig: Swellengrebel, Elizabeth, Helena, Chavonnes en Heeren Hendrik's Kinderen. In 1780 het die Franse garnisoen 'n linie van die Windberg af tot by die see opgerig. Hierdie Munniks-linie (dit het oor die eienaar van Zonnebloem se grond gestrek) was ook bekend as die Franse linie, en die oorblyfsels daarvan is te sien in Trafalgarpark, Woodstock. Tydens die eerste Britse besetting het genl. Craig die vestingwerke uitgebrei. Hy het die Munniks-linie verleng tot hoër teen die Windberg en verskeie blokhuisse gebou: York-vesting en -battery, Prince of Wales-toring en -battery, en King's-blokhuis. Aan die mond van die Soutriviervir is Craig's Tower opgerig maar in 1888 gesloop om plek te maak vir 'n groot grondfort, bekend as Craig's Batterv.

## UITBREIDING

Van Papendorp se huis aan die stofferige hoofweg is spoedig gevolg deur ander huise. In die huidige Albertweg is 'n koringmeul opgerig maar vandag is daar nog net 'n Mill Street wat aan die vervloë tyd herinner.

Op 7.4.1887 het Adriaan van der Bijl die herehuis Roodebloem aangeskaf en tot 'n sieraad uitgebou. Met die bou van die spoorlyn na Wellington het Papendorp, die eerste stasie van Kaapstad af, met rasse skrede vooruitgegaan en spoedig tot 'n belangrike nywerheids- en woongebied ontwikkel. Verskillende fabrieke is opgerig en die ou landelikheid het plek gemaak vir nywerheidsontwikkeling. In 1881 het Woodstock en Soutriviervir in een munisipaliteit saamgesmelt. In die vroeë tagtigerjare het die inwoners besluit om die dorp se naam te verander. Die keuse was tussen New Brighton en Woodstock, altwee hotelle. Die Woodstock was die vissers se hotel en hul stemme het die deurslag gegee.

## DORPSWAPEN

Wolraad Woltemade se melkplaas, Malta (daar is vandag nog 'n Maltaweg) was in Soutriviervir geleë en was die toneel van die heldedaad waartydens Woltemade en sy perd Prins die drenkelinge van die *De Jonge Thomas* gered het. Die gestrande *De Jonge Thomas* verskyn nie net op die dorpswapen nie, maar maak ook deel uit van die wapen van die hoërskool in Woodstock.

*Die herehuis Roodebloem wat in 1887 in die besit van Adriaan van der Bijl gekom het.*

FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK



## BOESMANS EN BOERE

In 1884 is 'n klomp Boesmans uit Noordwes-Kaapland gebring en in 'n kamp naby die Soutriviervmond geplaas. Die plan was dat boere die kamp besoek en die Boesmans as arbeiders huur. Dit het na 'n geslaagde eksperiment gelyk, totdat een van die klein mensies 'n gifpvl op 'n boer van Malmesbury afgeskiet het.


*Treaty House, Woodstock, waar die vredesverdrag tussen Brittanje en Nederland op 10 Januarie 1806 onderteken is.*

FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK

om vir sy perd te betaal nie. Op 15 Augustus 1901 is die tolhek afgeskaf, tot groot blvdskap van die inwoners.

## KERKGESKIEDENIS

In 1845 het Papendorp sy eerste Engelse kerk en skool gekry. Die gemeente het hoofsaaklik uit Blankes en (n paar) Kleurlinge bestaan. Hierdie kapel was digby Van Papendorp se huis geleë. Later het biskop Gray die "Kaffir College" aangeskaf. Hierdie kollege en kapel in Zonnebloem is aanvanklik ingerig om die kinders van stamhoofde te onderrig. Dit is tans 'n onderwyskollege van die Departement van Nasionale Opvoeding.



## TREATY HOUSE

Op 10 Januarie 1806 is die vredesverdrag tussen Brittanje en Nederland in Van Papendorp se huis onderteken. Aan Britse kant het genl.-maj. Baird en kommodoor Hope Popham geteken, terwyl lt.-genl. Von Prophalow namens die Nederlanders die verdrag van oor-gawe geteken het. Treaty-straat (die woonhuis is onder-tussen gesloop) gedenk die gebeurtenis.

## SLAWEBOOM

Digby Treaty House is 'n historiese landmerk wat gelukkig behoue gebly het. Dit is die knoesterige melk-bosboom, bekend as die slaweboom. In die omgewing van hierdie boom is d'Almeida en 64 Portugese soldate in 1509 deur Hottentotte vermoor. In later jare is slawe onder die boom opgeveil. Die boom is omhein en tot geskiedkundige gedenkwaardigheid verklaar.

## DIE TOLHEK

'n Verdewene landmerk is die tolhek in Sir Lowryweg, tans hoofkantoor van die stedelike vervoerafdeling. Die tolhek dateer uit 1812. Waens het 6s. betaal, karre 9d. en dit het 2,25d. gekos om 'n skaap deur die hekke te bring. Daar was dikwels argumente tussen tollenaar en reisiger, en dikwels het die tollenaar dan dié swaar slagboom op die voertuig laat val en dit beskadig. Uit hofverslae weet ons dat vuisslanery nie ongewoon was nie. In 1856 het die tollenaar die vermetelheid gehad om 'n brandweerwa te stop en 'n polisie-inspekteur moes onderweg na 'n brand terugkeer omdat hy nie 2d. gehad het

## NED. GEREF. KERK

In 1799 word daar melding gemaak van dienste in die Groote Kerk se buitewyk Papendorp. Op 13 November 1849 is 'n kapel van die Londense Sendinggenootskap aangeskaf en behalwe gereelde godsdiensoefeninge is daar ook in die gebou skoolgehou. Hierdie ou kapel maak tans deel van 'n motorhawe uit. Daar is later besluit om 'n kerkgebou op te rig "op het land van Altona" — waar die twee kerke (en ook die Presbiteriaanse Kerk) staan. Op 21 September 1876 is die kerk in Aberdeenstraat ingewy. Hierdie eerste kerk is tans die Ned. Geref. Sendingkerk. Die eerste vaste werker was eerw. Pieter Smee van Victoria-Wes wat in 1881 aangestel is as skriba en boekhouer van die gemeente Kaapstad. Hy het hom metterwoon op Papendorp gevinstig. Teen 1889 het die kerkrAAD dit nodig geag om die Hanoverstraatbuurt, tesame met Papendorp en Soutrivierv, tot vierde wyk van die gemeente Kaapstad te verenig. Ds. Z.J. de Beer het van Desember 1895 tot Julie 1923 die werkkring Papendorp behartig. Met die kom van ds. De Beer het die behoefté aan 'n doelmatiger kerkgebou vinnig toegeneem (na April 1870 is nagmaal ook "aan de Zoute Rivier bedien, en in 1879 het die kerkrAAD dit betreur dat die herderlike werk in Papendorp en Soutrivierv afgeskeep word, veral aangesien die Roomse Kerk in dié buurt vwerig aan die werk was). Op die grond wat meer as 40 jaar tevore deur Gerhardus Munnik geskenk is, is 'n kerk met 400 sitplekke gebou waarvan die hoeksteen op 1 Mei 1897 gelê en wat op 10 Maart 1898 deur prof. N.J. Hofmeier ingewy is.



Eendragsaal, Soutrivier.

FOTO: DR J.J. MARAIS

Op 30 November 1923 het Papendorp 'n selfstandige Ned. Geref. gemeente (Woodstock) geword en dr. D.R. Snyman was die eerste predikant. Die kerkraad van die Groote Kerk het ook onderneem om £500 te betaal aan die nuwe gemeente sodra daar bewys gelewer sou word dat minstens £500 self ingesamel is "voor het bouwen van een Zaal in den omtrek van Zoutrivier". Hierdie Eendracht Zaal was meer as 30 jaar lank die kulturele spil van Papendorp en Soutrivier: konserte, debatte, CJV- en Strewersbyeenkomste, volkspele, katkasisie en Sondagskoolklasse is gereeld daarin gehou. Die gebou is later aan die Apostoliese Geloofsending verkoop.

#### GEMEENTELIKE BEDRYWIGHEDE

Die Woodstockse Sangkring is in 1923 aan die huis van die weduwee F. Smit gestig. Sondagaande na kerk is daar by verskillende huise byeengekom om Hallelujah-dere te sing. Gemiddeld 60 mense het byeenkoms van hierdie sangkring bygewoon. Ander gemeentes, selfs tot in Suidwes-Afrika, het die Woodstockse voorbeeld gevolg en sangkringe in die lewe geroep. Die Kersnagkoor, 'n mannekoor, is in 1902 gestig as reaksie op die sterk anti-Boeregevoel wat tydens en na die Tweede Anglo-Boereoorlog in die Skiereiland posgevat het. In 1902 het sowat 70 mans van die Papendorp-wyk van die Ned. Geref. gemeente kersnag opgetrek en oral in die omgewing Kersliedere gesing. Sedertdien is hierdie tradisie deur die Slabbers, Smits, Leibbrandts en Du Bois voortgesit.

Eerste kerkraad van die Ned. Geref. gemeente, Woodstock (1923).

FOTO: DR J.J. MARAIS



EERSTE KERKERAAD  
van die Gemeente Woodstock.

#### ONDERWYS

In die argiefstukke van 1799 word melding gemaak van 'n kapel en 'n skool van die Ned. Geref. Kerk waarvan die onderwys op Calvinistiese leer gegrond is. Néentig kinders het dáár onderrig ontvang. In 1849 toe 'n kapel van die Londense Sendinggenootskap gekoop is, is daar ook 'n Ned. Geref. kerkskool geopen. Mn. George Engels was die eerste onderwyser. Die Onderwysdepartement het in 1903 onder die Skoolradewet die skool oorgeneem en dit na Kerkstraat verskuwe waar dit bekend gestaan het as die Kerkstraat A3 Publieke Skool. In 1922 is die skool oorgeplaas na 'n nuwe gebou en was bekend as die Albertweg-Primère Skool. Daar was Afrikaansmediumklasse (tot st. II) aan die Woodstock High School maar die Afrikaanssprekendes het hulle vir 'n eie moedertaalskool beywer. In 1932 het die ouers in die Eendragsaal vergader om 'n aksiekomitee te kies. Ondertussen is die Afrikaansmediumklasse van Woodstock High na Victoria Walk-skool verskuif en leerlinge kon Afrikaansmedium-onderrig kry tot st. VI. Na veel stryd is die Primère Skool Tafelberg (tans die Laerskool Tafelberg) met 'n eie gebou in 1936 geopen met naasteby 140 leerlinge.

#### BEVOLKINGSVERANDERING

Teen die eeuwisseling was Woodstock hoofsaaklik 'n voorstad van Afrikaners en enkele Kleurlinge en Maleiers. Die meeste kleindorpse sakkeli en ambagsmannes was ook Afrikaanssprekend. Nadat dit 'n nywerheidsbuurt geword het, het immigrante in groot getalle op Woodstock toegesak en na die Tweede Wêreldoorlog het dit hoofsaaklik 'n voorstad van Portugese (meesal uit Madeira) geword en die tradisionele Afrikaanse karakter het totaal verdwyn. ■

#### BRONNE

1. **PERSOONLIKE GETUIENIS** — Mev. D.C. Mooi, dr. J.J. Marais (familie-aantekeninge).
2. **LITERATUUR**  
BROOKE, A. *Robert Gray, first bishop of Cape Town*. Cape Town, 1947.  
CARSTENS, G.F.K. en D.J.M. TERBLANCHE. *25-jarige bestaan van die N.G. Gemeente Woodstock*. Woodstock, 1949.  
CITY OF CAPE TOWN. *Official Handbook*. 1909.  
LAIDLIER, P.W. *A tavern of the ocean*. Cape Town, 1952.
3. **AKTESKANTOOR**, Kaapstad.
4. **KOERANTE**  
*Die Burger*, *The Cape Argus*.